**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 2 EENHEID 1: MARKTE** (Definisie, tipes markte)

1 ’n Kleinboer (a) koop groentesaad by die plaaslike landboukoöperasie en plant en oes sy groente. Hy gebruik (b) ongeskoolde arbeid wat hy aanstel wanneer nodig. Die (c) groente word dan by sy padstal by sy plaashek verkoop. Sy winste (d) belê hy by die naaste bank wat die beste rentekoerse bied.

1.1 Watter soort markte kom by (a) tot (d) voor?

(a) ________________________________ (b) ________________________________________

(c) ________________________________ (d) ________________________________________

1.2 Noem die twee redes waarom hierdie boer se handel in groente as ’n mark beskou kan word.

______________________________________________________________________________

1.3 Waarom sal die verkope van groente deur middel van padstalletjies in Suid-Afrika nie ’n onvolmaakte mark kan wees nie?

______________________________________________________________________________

1.4 Wanneer sal die kleinboer se padstal as ’n monopoliemark beskou kan word?

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

2 Groente word deur alle mense in die wêreld gebruik. Waarom is dit nie deel van wêreldmarkte nie?

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

3 Landlyn telefoondienste in die RSA is (a) in die hande van TELKOM. (b) Slegs TELKOM mag hierdie telefoondienste bedryf. (c) TELKOM bepaal die prys.

Watter kenmerke van onvolmaakte markte kom by (a) tot (c) voor en watter soort onvolmaakte mark is hierdie?

(a) __________________________________________________________________________

(b) __________________________________________________________________________

(c) __________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

4 Noem die (a) voordeel en (b) nadeel van wêreldmarkte ten opsigte van natuurlike hulpbronne.

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________